

DIE REHOBOTH-BASTERS: KONSTITUSIONELE NOODROEP VAN 'N MINDERHEIDSGROEP IN SUIDWES-AFRIKA (NAMIBIë), 1915-1939

G.J.J. Oosthuizen
Departement Geskiedenis
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
Privaatsak X6001
2523 Potchefstroom

**The Rehoboth Basters: constitutional distress call from a minority group
in South-West Africa (Namibia), 1915-1939**

Baster-South African relations during the initial years of the Mandate following the First World War were marked by delicate constitutional negotiations. In spite of opposition, the Baster Council accepted a constitutional agreement in August 1923. Malcontents, however, initiated an effective protest by electing their own council. Efforts at mediation were largely unsuccessful. In December 1924 the South African government was faced with a unilateral declaration of independence, but in April 1925, it forced a showdown and subjected the rebels to its authority. Judge De Villiers, who had been appointed to investigate the Baster issue, delayed the submission of the report and this caused great frustration in Baster ranks. So much so, that the malcontents appeared to the League of Nations and the Governor General countless times. A Baster Advisory Council was instituted in April 1928. The new management body was boycotted by the Majority Party. In August 1932, however, the leader of the malcontents and a large number of his followers, motivated by the advice of the League of Nations and the economic woes of the early thirties, joined the Minority Party. A largely united Baster community then tried in vain to regain their self government.

Baster-Suid-Afrikaanse betrekkinge tydens die aanvangsjare van Mandaatbestuur ná die Eerste Wêreldoorlog is gekenmerk deur delikate grondwetlike onderhandelinge. Ondanks teenkating het die Basterraad in Augustus 1923 'n grondwetlike ooreenkoms aanvaar. Die ontevredenes het daarop met 'n effektiewe versetaksie begin deur 'n eie raad te verkies. Bemiddelingspogings is met bloedweinig sukses bekroon, en in Desember 1924 is die Suid-Afrikaanse Regering met 'n eensydige onafhanklikheidsverklaring gekonfronteer. Met groot magsvertoon het die Suid-Afrikaanse Regering die opstandelinge in April 1925 tot oorgawe gedwing. Die gesloer met die verslag van regter De Villiers, aangewys om die Basterkwessie te ondersoek, het groot frustasie in Bastergeledere veroorsaak. Male sonder tal het die ontevredenes hulle op die Volkebond en die Goewerneur-Generaal beroep. 'n Baster Adviserende Raad is in April 1928 ingestel. Die nuwe bestuursliggaam is deur die Meerderheidsparty geboikot. In Augustus 1932 het die kaptein van die ontevredenes en 'n hele aantal van sy

Historia 42(1), Mei 1997

volgeling, gemotiveer deur die advies van die Volkebond en die ekonomiese ellende van die vroeë dertigerjare, hulle by die Minderheidsparty aangesluit. 'n Grotendeels verenigde Bastergemeenskap het daarna tevergeefs probeer om weer selfbestuur te bekom.

1. Die Rehoboth-Basters vóór 1915

Die strewe na erkenning as 'n nasionale entiteit binne die groter bestek van die Suid-Afrikaanse verskeidenheid is by sekere groepe in Suid-Afrika dringender en dus waarneembaarder ná die instelling van die Regering van Nasionale Eenheid as daarvoor. In hierdie opsig is dit veral die Zoeloes en 'n groot persentasie Afrikaners by wie die aandrag op outonomie binne die grense van 'n eie grondgebied al hoe sterker steun kry, soos wat die oorheersing deur die ANC in elke geleiding van die Suid-Afrikaanse bestel al hoe duideliker word.

Een groep egter kry nie die nuusdekking wat Afrikaners en Zoeloes geniet nie, eensdeels omdat hulle buite die formele grense van die Republiek val, en anderdeels omdat hulle nie uitgesproke leiers het wat hulle nasionale aspirasies sterk genoeg verwoord nie. Hierdie mense, deur taal, tradisies en bloedverwantskap nou verbind aan die Afrikaners, is die Rehoboth-Basters van Namibië. Hulle het 'n lang geskiedenis van vergeefse strewe na volkome erkenning as 'n onafhanklike volk, hoewel hulle oor 'n eie identiteit en 'n eie grondgebied beskik en met nie-aflatende ywer en oorgawe reeds meer as 'n eeu lank staatkundige onafhanklikheid nastreef.

In sigself is die stryd om onafhanklikheid deur die Rehoboth-Basters 'n boeiende verhaal waarvan die hooftrekke die moeite werd is om hier te rekonstrueer, maar die relevansie van hulle strewe in vergelyking met dié van die Afrikaners en die Zoeloes van die hede is onmiskenbaar, gee reliëf daaraan, en plaas dit ook binne die konteks van 'n wêreldwye oplewing van groepnasionalisme, soos waarneembaar in die verbroekeling van die voormalige Sowjetunie en Joego-Slawië, die hereniging van Duitsland, asook gebeure in België, Ierland en Kanada. Die stryd van die Rehoboth-Basters is 'n betroubare spieëlbeeld van wat in die diepste wese van 'n volk aangaan wanneer hy sy eie aard en voortbestaan bedreig sien. Teen hierdie agtergrond is dit dienlik om die strewe en lotgevalle van die Rehoboth-Basters in herinnering te roep, om sodoende die wesensard van alle nasionalismes en die ideaal van selfverwesenliking as volk te begryp, soos dit deur die eeue tot vandag toe wêreldwyd tot uitdrukking kom.

Soos die volksbetitelings, byvoorbeeld Geuse (bedelaars) of Boere, is die naam "Basters" ook oorspronklik in 'n pejoratiewe betekenis toegeken aan daardie afstammeling van blanke vaders en Khoikhoi-moeders wat as 'n groep tot stand gekom het in die loop van die agtiende eeu en wel op die periferie van die destydse Kaapse blanke koloniale nedersetting. Mettertyd het die stigma, soos in die ander genoemde gevalle, verdwyn en het Basters 'n erenaam geword. Die Basters van die Noordwes-Kaap wat later as die Rehoboth-Basters bekend geword het, het in 1868 die Kaapkolonie onder leiding van kaptein Hermanus van Wyk verlaat en hulle in 1870 in Rehoboth en omgewing in die gebied wat later as Duits-Suidwes-Afrika bekend was, gevestig. Hulle voorkoloniale vestiging (1868-1884) is gekenmerk deur vrugtelose pogings om die Rehoboth-Gebied as permanente woongebied te bekom en om neutraliteit en selfstandigheid te midde van die hernieude Herero-Nama-

Ligging van die Rehoboth-Gebiet in Suidwes-Afrika (Namibië)



Saamgestel deur skrywer

Oorlam-konflik te handhaaf.¹

Die vestiging van Duitse gesag in Suidwes-Afrika is gevolglik deur die Rehoboth-Basters aangegryp om hulle eie posisie te beveilig. In September 1885 is die sogenaamde Vriendskaps- en Beskermingsverdrag tussen die Basters en die Duitsers gesluit. Alhoewel dié verdrag in 'n groot mate die reeds verworwe vryheid en regte van die Basters bekragtig het, is die selfstandige gesagsuitoefening van die Kaptein en Basterraad, veral betreffende "buitelandse beleid", aansienlik ingekort.² Dit was veral belastingpligtigheid, die geleidelike toepassing van Duitse wette, die afskaffing van die kapteinskap en die aantasting van die selfstandige gesagsuitoefening van die Basterraad wat ontvredenheid uitgelok het. Daarbenewens het die hantering van grens- en grondkwessies ook 'n wig ingeslaan in die aanvanklik vriendskaplike Baster-Duitse betrekkinge.³

2. Die "onderhandelde" 1923-ooreenkoms

Gedurende die Suid-Afrikaanse inval (1914-15) het die toenemende betrokkenheid van die Rehoboth-Basters by die Duitse oorlogspoging groot ontsteltenis in Bastergeledere veroorsaak⁴ en het die Basters, ondanks die advies van generaal Louis Botha⁵, teen die Duitsers in opstand gekom. Die tydige aankoms van die Suid-Afrikaanse magte in die Rehoboth-Gebiet en die gevolglike terugtrekking van die Duitsers na die noorde, het verhoed dat die Duitsers die Basters die finale nekslag toedien.⁶

Met die Vrede van Khorab (9 Julie 1915) is die Duitse administrasie in Suidwes-Afrika formeel beëindig.⁷ Tydens die Militêre Bestuursperiode (1915-1920) is die probleem van hoe om die bestuur van die Rehoboth-Gebiet in te rig nie daadwerklik deur die Suid-Afrikaanse Regering aangepak nie. Gekonfronteer egter deur 'n beswaarskrief⁸ van die Basters in dié verband, is die eerste uitgebreide bestuursreëlings rakende die Rehoboth-Gebiet in Julie 1916 in werking gestel.⁹ Daardeur het die Basterraad gedeeltelik sy status wat hy gedurende die Duitse bewind geniet het, herwin.

Kyk G.J.J. Oosthuizen, *Die Rehoboth-Basters binne die konteks van die staatkundige verhoudinge tussen Suidwes-Afrika en Suid-Afrika, 1915-1939* (Ph. D., PU vir CHO, 1993), pp. 2-31.

Nasionale Argief, Windhoek (NAW) Quellen 22a, Auszug aus dem Jahresbericht der Station Rehoboth vom Jahre 1885, Anlage 1, Beschermings- en Vriendschapstraktaat tusschen het Deutsche Ryk en de Bastards te Rehoboth, 15.9.1885, pp. 316-317; D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question held at Rehoboth and other places in the Military Protectorate in June, 1915* (Government Printing, Pretoria, 1915), pp. 31-32.

Kyk G.J.J. Oosthuizen, *Die Rehoboth-Basters*, pp. 50-57.

G.J.J. Oosthuizen, *Die Rehoboth-Basters*, p. 63.

Public Record Office, London (PRO) CO 551:72, Dailey Bulletin No. 206, 3.05.1915, p. 538.

Kyk K.F.R. Budack, "Der 'Bastardaufstand' in Deutsch-Südwestafrika". *Afrikanischer Heimatkalender*, 1974.

7. PRO CO 551:74, Telegram Governor-General of the Union of South Africa - Secretary of State for the Colonies, 10.7.1915; Argief van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, Pretoria (SANW) DC 728:DB1432/9199 (sublêer DB 24/1432/Z), Minute 850, 9.7.1915; *The Times*, 12.7.1915. SANW DC 1129:1558/9199, Petition Thomas - Botha, 26.5.1916.
9. NAW SWAA A206/4 Rehoboth Baster Gebiet, Administration of territory (Vol. 1), Letter Deputy Secretary for the Protectorate - Military Magistrate, 18.7.1916.



Hermanus van Wyk, eerste Kaptein van die Rehoboth-Basters.

(Nasionale Argief, Windhoek)

Die onafhanklikheidstrewe van die Rehoboth-Basters het eers met die Augustus 1917-besoek van D.W. Drew (Suid-Afrikaanse parlamentslid) werklik momentum gekry.¹⁰ Geïnspireer deur Drew, het die Basterleiers tevergeefs gepoog om die inisiatief te neem in die reëling van hulle grondwetlike posisie deur op protektoraatstatus vir die Rehoboth-Gebiet aan te dring.¹¹

In Januarie 1922 is 'n konsepooreenkoms, opgestel deur die Suidwes-Afrikaanse Administrasie (hierna Administrasie), aan die Basterraad voorgelê. Dié voorgestelde ooreenkoms was egter nie vir die Bastergemeenskap aanvaarbaar nie, maar die Basterraad is as't ware deur Administrateur G. Hofmeyr gestoomroller om die ooreenkoms teen die wil van die meerderheid Basters te onderteken en is gevolglik in 'n onhoudbare posisie geplaas.¹² Die Raadslede het hulle daardeur die wrewel van die meerderheid Basters op die hals gehaal en is soos melaatses deur die ontevredenes behandel.

3. Die stryd tussen die Ou en Nuwe Raad

Die ontevredenes het met 'n effektiewe versetaksie begin en 'n eie raad (Nuwe Raad) en Parlementsraad verkies.¹³ Die versetaksie was inderdaad so suksesvol dat lede van die Ou Raad magteloos moes toekyk hoe die ontevredenes die Rehoboth-Gebiet bestuur.¹⁴ Uiteindelik het 'n moedelose Ou Raad in Julie 1924 die handdoek ingegooi en is die Administrasie versoek om tydelik die bestuur van die Rehoboth-Gebiet waar te neem.¹⁵

Bemiddelingspogings van Eerste Minister J.B.M. Hertzog in Augustus¹⁶ en November 1924¹⁷ is met weinig sukses bekroon. Die Nuwe Raad het hulle kort na die November 1924-besoek van Hertzog op die Volkebond beroep,¹⁸ en ondanks verdere bemiddelingspogings deur die Administrateur, die Administrasie op 1 Desember 1924 met 'n

-
10. NAW SWAA 2/18/2 Unregistered correspondence and papers, Rehoboth affairs, Papers (presumably collected by Mr. Smit) for use when investigating into Rehoboth affairs, 1898-1925 (vol. 1), Replies to terms of reference, n.d., pp. 5-6; NAW SWAA A206/20 Rehoboth Baster Gebiet, Petitions to the Government, Letter Military Magistrate - Secretary for the Protectorate, 11.9.1917.
 11. Kyk G.J.J. Oosthuizen, *Die Rehoboth-Basters*, pp. 95-106.
 12. Kyk G.J.J. Oosthuizen, *Die Rehoboth-Basters*, pp. 109-134.
 13. NAW SWAA A206/4 Rehoboth Baster Gebiet. Administration of territory (Vol. 1)/NSW A312:20/79, Verklaring *Kifejzing word benoemt uit de burgerryk, Rehoboth*, 24.4.1924.
 14. G.J.J. Oosthuizen, *Die Rehoboth-Basters*, p. 315.
 15. NAW A219:9, Brief Kapitein en Raad-Magistraat, 11.07.1924; NAW A312:17/61, Letter H.P. Smit - Administrator, 14.7.1924, p. 2.
 16. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 2)/NSW SWAA 2/18/2 Unregistered correspondence and papers, Rehoboth affairs, Documents numbered 1-49, Verslag van onderhoud tussen die Eerste Minister en vyf afgevaardigdes van Rehoboth, S.W.A. op Saterdag, 2 Augustus, 1924 (document 48).
 17. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (vol. 5), Vergadering op Rehoboth, 10 Nov. 1924, met die "ou" seksie van die kleurlingburgers [Vergadering met die "Nuwe" seksie]; *Allgemeine Zeitung*, 17.11.1924.
 18. League of Nations Archives, Geneva (LNA), 1919-1927, 1/1347/37888, Petition N. van Wyk *et al.* - Secretariat of the League of Nations, 13.11.1924.



Kaptein Cornelius

Wyk (m)

tweede van links)

Baatteraad, ca.

(Nasionale Argief, Windhoek

eensydige onafhanklikheidsverklaring gekonfronteer.¹⁹

As teenvoeter vir die uitdagende onafhanklikheidsverklaring van die Nuwe Raad het die Administrasie die Rehoboth-Gebiet onder blanke magistrataatsbestuur geplaas, en die pligte en bevoegdhede van die Basterkaptain en -raad is met ingang van 16 Desember 1924 aan magistraat C.N. Manning toevertrou.²⁰


Die Nuwe Raad het egter in Januarie 1925 weer hulle eie bestuursliggame verkies en voortgegaan om die administrasie van die Rehoboth-Gebiet te hanteer deur burgers te dagvaar, sake te verhoor, boetes op te lê, belastings in te vorder en instruksies aan hulle eie veldkornette uit te reik. Herhaalde waarskuwings van die Administrasie is deur die opstandelinge in die wind geslaan.²¹

Dié onversetlike houding van die Nuwe Raad en sy ondersteuners en openlike uitdaging van die Administrasie kon egter nie onbepaald voortduur nie, en daarom het die Administrasie besluit om enkele invloedryke leiers van die ontevredenes kragtens die Veebrandmerkwet te vervolg.²² Alhoewel die eerste twee sogenaamde toetsake sonder veel probleme verloop het, het verdere vervolginge hewige teenkating van die ontevredenes uitgelok. Hulle het summier geweier om gedagvaarde persone uit te lewer.²³

'n Dringende oproep van die Eerste Minister aan die ontevredenes om hulle aan die gesag van die Administrasie te onderwerp²⁴ is uitdagend begroet met 'n hernieude verwerping van die ooreenkoms.²⁵ Dit was duidelik dat die opstandelinge nie maklik sou bes gee nie, en dat fisiese geweld uiteindelik sou losbars.

Te midde van vurige pleidooie van die Nuwe Raad aan die Goewerneur-Generaal van die Unie van Suid-Afrika²⁶ en die Volkebond²⁷ om in te gryp en 'n beroep op hulle ondersteuners om die Administrasie ten alle koste teen te staan, het laasgenoemde inderhaas finale voorbereidings getref om die onrus in die Rehoboth-Gebiet in die kiem te smoor. Die

19. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 5), Brief Parlementsraad en Volksraad - Magistraat, 1.12.1924 (Enclosure 1 to Letter Magistrate - Secretary for South West Africa, 1.12.1924); Kyk ook LNA, 1919-1927, 1/1347/37888, Memorandum upon petition dated 13th November 1924 addressed to the League of Nations by certain burghers of the Rehoboth community, 16.1.1925 (Annexure G).
20. *Buitengewone Offisiële Koerant van Zuidwest Afrika*, 10.12.1924, pp. 1879-1881; *Allgemeine Zeitung*, 13.12.1924; *The Times*, 4.4.1925.
21. G.J.J. Oosthuizen, *Die Rehoboth-Basters*, p. 316
22. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 6), Telegram Hoofd-Secretary [for South West Africa], 5.03.1925; Telegram Hoofd-Secretary [for South West Africa], 9.3.1925, pp. 1-2; NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 5), Dringende Kennisgewing Brandmerken van vee (Beeste), 17.1.1925 (Annexure to Letter Magistrate-Secretary for South West Africa, 18.1.1925); *The Windhoek Advertiser*, 18.2.1925.
23. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 3), Telegram Magistrate - Secretary [for South West Africa], 26.3.1925; NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 6), Brief D. Beukes *et al.* - Magistraat, 26.3.1925.
24. NAW A312:20/79, Telegram Hoofd - Magistraat Manning, 30.3.1925, pp. 1-3, 5-6.
25. U.G. 33-1925, *Rapport van de Administrateur van Zuidwest Afrika voor het jaar 1924*, p. 13; W.H. Weber, *Die regsposisie van die Rehoboth-Basters* (D.Phil., US, 1946), p. 115.
26. Sentrale Argiefbewaarpark, Pretoria (SAB) GG 1558:50/1166, Telegram Captain and Volksraad - Governor-General, 1.4.1925; Telegram Kaptein, *Volks Raad en Parlement Burger[raad] - General Gouverneur*, 4.4.1925.
27. LNA, 1919-1927, 1/1347/37888, Letter V. Catastini - Captain of Volksraad, 3.4.1925; Telegram *Kaptien (sic) en Volks Raad-Nations Genève*, 1.4.1925.



Sewe van die Basterraadslede op hierdie foto het die Ooreenkoms van 17 Augustus 1923 onderteken. V.l.n.r. agter is G. Alcock, F. Maasdorp (Sekretaris), T. Jarman, P. Mouton en M. McNab. Voor sit v.l.n.r. J. Witbooi, P. Beukes, A. Mouton (waarnemende Kaptein) en G. Cloete. Net Alcock en Jarman het nie die Ooreenkoms onderteken nie. Die ander twee ondertekenaars was N. Olivier en G. de Klerk.

(R.G. Britz et al., Ons Eeufees 1870-1970)

polisie- en burgermagedenhede van Suidwes-Afrika is gemobiliseer,²⁸ en kolonel M.J. de Jager is op 31 Maart aangestel as opperbevelvoerder van die Rehoboth-veldtog.²⁹ Twee dae later is krygswet kragtens Proklamasie 9 van 1925 in die Rehoboth-Gebiet en omringende distrik ingestel.³⁰ Op versoek van Administrateur Hofmeyr is drie vliegtuie deur die Suid-Afrikaanse regering na Rehoboth gestuur.³¹

Met die 1915-Basteropstand³² en die Bondelswarts-debakel van 1922³³ nog vars in die geheue, het die Administrasie met groot magsvertoon en as 't ware 'n Blitzkrieg-taktiek die oorblufte en hopeloos onvoorbereide opstandelinge op 5 April 1925 sonder enige lewensverlies tot oorgawe gedwing.³⁴

4. Voortgesette blanke magistrataatsbestuur en die De Villiers-verslag

Vanweë die feitlik soliede teenkanting van die Bastergemeenskap het die Administrateur, enkele dae na die onderdrukking van die Basteropstand, die Suid-Afrikaanse Regering versoek om onmiddellik die 1923-ooreenkoms te kanselleer. Alhoewel hy nie die Basters enige regte wou ontnem nie, was hy daarvan oortuig dat die uitoefening van selfbestuur deur die Basters vir 'n geruime tyd nie prakties moontlik sou wees nie. Hy het gevolglik aanbeveel dat 'n adviserende raad, bestaande uit verteenwoordigers van die verskillende belangegroepes van die Bastergemeenskap, die Magistraat moes bystaan in die bestuur van die Rehoboth-Gebiet.³⁵

Die Eerste Minister, generaal Hertzog, was egter nie van voorneme om die ooreenkoms te kanselleer nie, aangesien hy reeds in die Parlement aangekondig het dat 'n regterlike kommissie van ondersoek die Rehoboth-aangeleentheid so gou doenlik sou ondersoek.³⁶ Trouens, die feit dat die probleme in die Rehoboth-Gebiet grotendeels uit die ooreenkoms voortgespruit het, was 'n belangrike rede waarom die Eerste Minister nie aan die

-
28. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth. Rehoboth matters (Vol. 3), Letter Divisional Inspector, South West Africa Police - Secretary for South West Africa, 24.3.1925, p. 1; U.G. 33-1925, *Rapport van de Administrateur van Zuidwest Afrika voor het jaar 1924*, p. 12.
 29. *Officiële Koerant van Zuidwest Afrika*, 1.4.1925, p. 2020; *The Windhoek Advertiser*, 1.4.1925; *Allgemeine Zeitung*, 1.4.1925.
 30. *Buitengewone Officiële Koerant van Zuidwest Afrika*, 3.4.1925, pp. 2027-2028; *Allgemeine Zeitung*, 6.4.1925.
 31. U.G. 33-1925, *Rapport van de Administrateur van Zuidwest Afrika voor het jaar 1924*, p. 13; SANW *Verkorte jaarverslag van die Departement van Verdediging diensjaar tot 30 Junie 1925*, p. 2; *Allgemeine Zeitung*, 4.4.1925; *Rand Daily Mail*, 3.4.1925; *The New York Times*, 4.4.1925.
 32. Kyk G.J.J. Oosthuizen, *Die Rehoboth-Basters*, p. 58 en verder.
 33. Die Bondelswarts-Namas, woonagtig in die verre suide van Suidwes-Afrika, het onder andere weens die heffing van 'n buitensporige hoë hondebelaasting in opstand gekom. Die bloedige en genadelose onderdrukking van die opstand in Mei 1922 het die Suid-Afrikaanse regering, veral vanuit Volkebondsegeledere, skerp kritiek op die hals gehaal. Kyk I. Goldblatt, *History of South West Africa from the beginning of the nineteenth century* (Juta, Cape Town, 1971), pp. 215-217; T.R.H. Davenport, *South Africa. A modern history* (Third edition, Southern Book Publishers, Bergvlei, 1988), pp. 278-279.
 34. G.J.J. Oosthuizen, *Die Rehoboth-Basters*, pp. 204-213.
 35. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 7), Telegram Hoofd (Windhoek) - Hoofd (Cape Town), 8.4.1925, pp. 1-3; Letter Secretary for South West Africa - Magistrate, 7.4.1925.
 36. Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad. Tweede sitting - Vyfde Parlement*, deel 3, 13 Februarie tot 17 April 1925 (Nasionale Pers Bepers, Kaapstad, s.j.), kol. 2133.

versoek van die Administrateur wou voldoen nie.³⁷

Die gesloer met die verslag van die De Villiers-kommissie, wat aangewys is om die Basterkwessie indringend te ondersoek, het groot frustrasie in Bastergeleedere veroorsaak. Dié kommissie wat reeds in Junie 1925³⁸ met sy werksaamhede begin het se verslag is eers twee jaar later in die Suid-Afrikaanse Parlement behandel.³⁹ Die Meerderheidsparty (ondersteuners van die voormalige Nuwe Raad) wat hoë verwagtinge van die verslag gekoester het, was vol vertroue dat hulle bestuursregte ten volle herstel sou word en hulle was van oordeel dat die blanke magistraat nie die reg gehad het om gedurende die interimfase die bestuur van die Rehoboth-Gebiet namens die Bastergemeenskap te hanteer nie.⁴⁰

Herhaalde besware van die Meerderheidsparty in dié verband, gerig aan die Magistraat, Administrateur, Goewerneur-Generaal en Eerste Minister,⁴¹ is telkens omseil met die verskoning dat die De Villiers-verslag afgewag moes word.⁴² Uit radeloosheid het die Meerderheidsparty hom uiteindelik in November 1926 op die Volkebond beroep.⁴³ Dié petisie, tesame met die kommentaar van die Administrateur van Suidwes-Afrika, is op 21 Desember 1926 deur die Suid-Afrikaanse regering aan die Volkebond gestuur. In 'n begeleidende brief het die Eerste Minister die Sekretaris-Generaal verseker dat die De Villiers-verslag gedurende die volgende sitting van die Parlement, wat op 28 Januarie 1927 'n aanvang sou neem, ter tafel gelê sou word, waarna afskrifte aan die Volkebond versend sou word.⁴⁴

In April 1927 is die Suid-Afrikaanse regering in die Permanente Mandatekommissie gekritiseer oor sy lakse optrede: enersyds ten opsigte van die De Villiers-verslag wat, ten spyte van verskeie beloftes, nog nie ontvang is nie, en andersyds weens die feit dat die Suid-Afrikaanse regering nog nie 'n mening uitgespreek het oor die November 1926-petisie en die begeleidende memorandum van die Administrateur nie.⁴⁵

-
37. NAW A312:20/79, Telegram Hoofd (Cape Town) - Administrator, 8.4.1925.
 38. U.G. 41-1926, *Rapport van die Rehoboth kommissie*, pp. 3-4; NAW SWAA 2/1/11 Unregistered correspondence and papers, Annual reports, Magistrates' reports 1925, Annual report F. Olivier (by direction of Magistrate, Rehoboth) - Secretary for South West Africa, 24.1.1926, p. 2.
 39. NAW Mem. 4/24, J.D. Viall, *The History of the Rehoboth Basters*, p. 44.
 40. Kyk G.J.J. Oosthuizen, *Die Rehoboth-Basters*, p. 227 en verder.
 41. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 8), Brief N. van Wyk *et al.* - Magistraat, 23.9.1925 (Annexure III to Letter Magistrate - Secretary for South West Africa, 24.9.1925); Brief N. van Wyk *et al.* - Magistraat, 28.9.1925; Onderhoud met die Administrateur deur die Rehoboth Basters, 21.12.1925, pp. 3-4; SAB GG 1559:50/1192, Telegram N. Van Wyk - Governor-General, 24.9.1925; SAB GG 1559:50/1195 Telegram J. Beukes - Goewerneur General, 26.10.1925.
 42. U.G. 26-1926, *Rapport van die Regering van die Unie van Suidafrika omtrent Suidwes-Afrika vir die jaar 1925*, p. 5; NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 8), Brief Assistent-Sekretaris van die Eerste Minister - Sekretaris vir Suidwest Afrika, 29.9.1925.
 43. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 9), Petition N. van Wyk *et al.* - League of Nations, 26.11.1926.
 44. LNA, 1919-1927, 1/1347/37888, Letter Secretary to the Prime Minister - Secretary-General, 21.12.1926 *in* Permanent Mandates Commission, Petition dated November 26th, 1926, from the Rehoboth community and memorandum on points raised therein, by the South West Africa Administration (C.P.M. 546), 19.1.1927, p. 1.
 45. LNA, 1919-1927, 1/1347/37888, Permanent Mandates Commission, Petition from the Rehoboth community, Report by Sir Frederick Lugard (C.P.M. 559), 7.5.1927, pp. 1-3; NAW SWAA A394/7 League of Nations. Permanent Mandate Commission Reports (Vol. 2), Report on the work of the eleventh session of the Commission (Geneva, June 20th to July 6th, 1927), 6.7.1927, pp. 19-20.



Polisie bewaak Bastergevangenes, prii 1925

Argief [indhoek]

Terwyl daar oor en weer harde woorde aangaande die verslag geval het, het regter De Villiers intussen sy langverwagte verslag voltooi. Die Suid-Afrikaanse parlement was egter in daardie stadium in reses, en die verslag is eers in Junie 1927 ter tafel gelê.⁴⁶ Die bevindinge van regter De Villiers was soewereiniteit kragsins die Basters nie. Hy het bevind dat die Rehoboth-Basters hulle soewereiniteit kragsins die 1885-ooreenkoms verloor het, dat hulle geen regte weens die optrede van die Suid-Afrikaanse Regering ingeboet het nie, dat dit binne die juridiksie van die Suid-Afrikaanse Regering was om Proklamasie 28 van 1923 uit te vaardig en dat grondverliese tydens die Suid-Afrikaanse bewind beperk was tot 'n paar erwe in Rehoboth-dorp. Met die skenking van plase as vergoeding vir die ondertekening van die 1923-ooreenkoms is die Rehoboth-Gebiet inderwaarheid vergroot. Regter De Villiers het laastens aanbeveel dat die Basters verbied moet word om grond ten gunste van veral blankes te vervreem.⁴⁷

Kort na afloop van die elfde sitting van die Permanente Mandatekommissie, en wel in Julie 1927, het die Volkebond uiteindelik die De Villiers-verslag van die Suid-Afrikaanse regering ontvang.⁴⁸

Teen laat-Junie 1927 het die De Villiers-verslag egter nog nie die Rehoboth-Basters bereik nie.⁴⁹ Eers na verdere vertoeë⁵⁰ is die verslag uiteindelik teen middel-Julie 1927, meer as twee jaar nadat met die De Villiers-ondersoek begin is, aan die Basters voorgeleë.⁵¹

In daardie stadium het die Suid-Afrikaanse regering egter nog nie 'n definitiewe besluit oor die toekomstige grondwetlike status van die Rehoboth-Gebiet geneem nie. Die Basters, wie se geduld reeds tot die uiterste beproef was, sou gevolglik nog 'n wyle moes wag alvorens finaliteit oor hulle grondwetlike status bereik sou word.⁵²

Die blanke Adviserende Raad het aanbeveel dat 'n adviserende raad bestaande uit drie verkose en drie genomineerde lede vanaf 1 April 1928 ingestel word.⁵³ Die Suid-Afrikaanse regering het na bestudering van die aanbevelings van die blanke Adviserende Raad die volgende riglyne betreffende die bestuur van die Rehoboth-Gebiet neergelê:

Aangesien die tyd nog nie ryp was om die bevoegdheid van selfbestuur wat die Basters voor die afkondiging van Proklamasie 31 van 1924 geniet het terug te gee nie,

-
46. Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad. Vierde sitting - Vyfde Parlement*, deel 9, 25 April tot 29 Junie 1927 (Nasionale Pers Beperk, Kaapstad, 1927), kol. 5174; *The Windhoek Advertiser*, 22.6.1927; *Die Suidwes Afrikaner*, 24.6.1927.
NAW SWAA 2/18/3 Unregistered correspondence and papers, Rehoboth affairs, Commission of enquiry, 1925/NAW A312:18/68, Report of the Rehoboth commission, Terms of reference and summary of findings, n.d.; *Die Suidwes Afrikaner*, 15.7.1927; *The Windhoek Advertiser*, 17.3.1928.
48. NAW SWAA A394/7 League of Nations. Permanent Mandate Commission reports (Vol. 2), Report on the work of the eleventh session of the Commission (Geneva, June 20th to July 6th, 1927), 6.7.1927, p. 20; NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth Matters (Vol. 9), Letter Magistrate - Secretary for South West Africa, 18.10.1927.
49. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 9), Letter Acting Magistrate - Secretary for South West Africa, 25.6.1927, p. 1.
50. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 9), Letter Assistant Secretary to the Prime Minister - Secretary for South West Africa, 5.7.1927.
NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 9), Brief Sekretaris vir Suidwes-Afrika - Magistraat, 14.7.1927.
52. G.J.J. Oosthuizen, *Die Rehoboth-Basters*, p. 247.
53. NAW SWAA 2/1/2 Unregistered correspondence and papers, Advisory council, Minutes of meetings, resolutions, 1925-1928, South West Africa, Advisory council, Meeting, Tuesday, 6th September, 1927, p. 9.

sou die gesag van die Basterraad by die blanke magistraat berus. Proklamasie 31 van 1924 sou, benewens twee belangrike wysigings, van krag bly. Eerstens sou 'n adviserende raad, bestaande uit drie genomineerde en drie verkose Basters, die magistraat in die uitoefening van plaaslike bestuur bystaan. Die ander belangrike uitsondering was dat die magistraat in hofsake tussen Basters bygestaan sou word deur twee onpartydige assessore, wat deur die magistraat aangewys sou word uit 'n paneel van twaalf persone wat jaarliks deur die magistraat op aanbeveling van die adviserende raad genomineer sou word.

Geen persoon, behalwe 'n Basterburger, kon sonder goedkeuring van die Administrateur onroerende eiendom (selfs nie eers onder 'n huurkontrak) in die Rehoboth-Gebiet bekom nie. Die Administrasie het hom egter die reg voorbehou om sy beleid ten opsigte hiervan na gelang van omstandighede in heroorgewing te neem.

Geen blanke, behalwe met die toestemming van die Administrateur, sou toegelaat word om in die Rehoboth-Gebiet te woon nie. Tydelike permitte kon deur die Magistraat aan blankes toegestaan word om in die Rehoboth-Gebiet handel te dryf.

Wetgewing sou ingestel word wat blankes in die Rehoboth-Gebiet sou verbied om sterk drank, wapens en ammunisie te koop of in hulle besit te hê sonder 'n permit van die Magistraat.⁵⁴

Proklamasie 9 van 1928 het wetlik beslag gegee aan genoemde besluite betreffende die bestuur van die Rehoboth-Gebiet en het op 1. April 1928 in werking getree.⁵⁵

Administrateur A.J. Werth, vergesel deur die Sekretaris van Suidwes-Afrika en die hoof van die polisie, het Rehoboth uiteindelik op 25 Februarie 1928 besoek,⁵⁶ meer as twee en 'n half jaar nadat regter De Villiers met sy ondersoek begin het. Die Administrateur het kortliks die bevindinge van regter De Villiers op 'n openbare vergadering bespreek en daarna die nuwe grondwetlike bedeling verduidelik. Hy het die Basters gemaan om die nuwe regte ten volle te benut en aan die Administrasie te toon dat hulle bevoeg is om weer hulself te bestuur. Hy het hulle gewaarsku dat as hulle weer die gesindheid van die voorafgaande jare sou openbaar, daar nie nuwe regte toegestaan sou word nie. Trouens, hulle kon hul bestaande regte ook verloor.⁵⁷

"Die mededeling", het Administrateur Werth in sy jaarverslag vir 1927 aangeteken, "is in stilte ontvang...".⁵⁸

U.G. 31-1928, *Rapport van die Regering van die Unie van Suidafrika omtrent Suidwes-Afrika vir die jaar 1927*, pp. 4-5.

U.G. 22-1929, *Rapport aangebied deur die Regering van die Unie van Suid-Afrika aan die Raad van die Volkebond omtrent die Administrasie van Suidwes-Afrika vir die jaar 1928*, pp. 84-85; *Buitengewone Offisiële Koerant van Suidwes-Afrika*, 29.3.1928, pp. 4799-4803.

56. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 9), Kennisgewing [Magistraat], 14.2.1928; *The Windhoek Advertiser*, 29.2.1928.

57. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 9), [Toespraak deur Administrateur Werth, Rehoboth, 25.2.1928]; *The Cape Argus*, 28.2.1928; *The Windhoek Advertiser*, 29.2.1928; NAW SWAA 2/1/2 Unregistered correspondence and papers, Advisory council, Minutes of meetings, 1928-1929, Advisory council, Meeting, Thursday, 8th March, 1928, p. 10.

58. U.G. 31-1928, *Rapport van die Regering van die Unie van Suidafrika omtrent Suidwes-Afrika vir die jaar 1927*, p. 5.

Tot in daardie stadium het die Suid-Afrikaanse regering geen poging aangewend om te verduidelik waarom dit so lank geduur het om die De Villiers-kommissie se bevindinge bekend te maak nie en ook waarom soveel tyd verloop het sedert die bekendmaking van dié bevindinge en die implementering van 'n nuwe grondwetlike bedeling in die Rehoboth-Gebiet.⁵⁹

5. Wrywing tussen die Suid-Afrikaanse regering en die Volkebond

Die Suid-Afrikaanse regering is in die Volkebond oor die vingers getik - enersyds weens die gesloer met die De Villiers-verslag, en andersyds omdat dié verslag uiteindelik sonder enige kommentaar en beoogde stappe aan die Volkebond besorg is. Ook is die standpunt van die Suid-Afrikaanse regering betreffende die November 1926-petisie van die Rehoboth-Basters teen November 1927 nog nie aan die Volkebond deurgegee nie.⁶⁰ Die Volkebond was onvergenoeg en in die verleentheid omdat die saak van dié petisie, wat in daardie stadium reeds byna 'n jaar tevore aan hulle gestuur is, nog nie afgehandel kon word nie.

Administrateur Werth het op 31 Oktober 1928, in 'n lywige verklaring aan die Permanente Mandatekommissie, die Suid-Afrikaanse regering se standpunte uiteengesit.⁶¹ Hy het die omstandighede geskets wat tot die petisie aanleiding gegee het. Hy het ten sterkste ontken dat die Regering enigsins laks was in sy hantering van die Bastergriewe of dat die Basters ondertussen, vóór die publisering van die De Villiers-verslag en die besluit van die Regering aangaande die toekomstige grondwetlike posisie van die Rehoboth-Gebiet, behandel is asof hulle ongeluk het. Die Administrateur het verder probeer aantoon dat die Suid-Afrikaanse regering op geen wyse sy verpligtinge as mandataris teenoor óf die inwoners van Suidwes-Afrika óf die Volkebond, in besonder die Permanente Mandatekommissie, versuim het nie. Die Administrateur het sy verklaring met dié stukkie bytende kritiek afgesluit: *"Finally my Government cannot help thinking that if, before publicly commenting adversely on the conduct of a Mandatory Power in a particular case, the Mandatory in question be approached for an explanation, the charge of such comments being made without taking into consideration all relevant facts will be minimised, if not completely eliminated."*⁶²

Die verklaring van administrateur Werth het die gewenste uitwerking gehad, want die November 1928-verslag⁶³ van lord Lugard oor die petisie van 26 November 1926 aan die Permanente Mandatekommissie was saaklik en opvallend sonder die skerp kritiek wat só kenmerkend van sy vorige verslae was. Op grond van die Lugard-verslag het die Permanente Mandatekommissie by die Raad van die Volkebond aanbeveel *"that the petitioners should be*

59. *The Windhoek Advertiser*, 29.2.1928.

60. LNA, 1919-1927, 1/1347/62056, League of Nations. Permanent Mandates Commission. South-West Africa, Petition dated November 26th, 1926, from certain burghers of the Rehoboth Community, Report by the sub-committee, 4.11.1927, p. 2 (C.P.M. 666); NAW SWAA A394/7 League of Nations. Permanent Mandate Commission Reports (Vol. 2), Report on the work of the twelfth session of the Commission (Geneva, October 24th to November 11th, 1927), p. 9; *The Cape Times*, 6.3.1928.

61. LNA, 1928-1932, 6A/443/2180, Statement to be delivered at the October, 1928, meeting of the Permanent Mandates Commission on the subject of the treatment of the Rehoboth petition, n.d.; *The Friend*, 1.11.1928; *The Star*, 1.11.1928; *Die Suidwes Afrikaner*, 16.11.1928.

62. NAW A312:18/68, Statement to be delivered at the October, 1928, meeting of the Permanent Mandates Commission on the subject of the treatment of the Rehoboth petition, n.d.; *The Windhoek Advertiser*, 11.5.1929, 15.5.1929.

63. LNA, 1928-1932, 6A/443/2180, League of Nations, Permanent Mandates Commission, Rehoboths petition of November 26th, 1926, Report by Lord Lugard, 2.11.1928 [C.P.M. 781 (1)].

informed that the Permanent Mandates Commission understands that their grievances have been fully investigated, and considers that they have now lost their relevance."⁶⁴

Dié aanbeveling van die Permanente Mandatekommissie is deur die Raad van die Volkebond aanvaar, en Vito Catastini van die Kommissie het Nicolaas van Wyk van die Meerderheidsparty op 25 Maart 1929 dienooreenkomstig ingelig.⁶⁵

Hernieuwe aandrang op selfbestuur

Genoemde beslissing van die Volkebond, die bevindinge van regter De Villiers en die daaropvolgende beslissing van die Suid-Afrikaanse regering oor die grondwetlike bedeling van die Rehoboth-Basters, het bloedweinig bygedra om die gespanne situasie te ontloot. Die Meerderheidsparty is daardeur verder van die Minderheidsparty (ondersteuners van die voormalige Ou Raad) en die Suid-Afrikaanse regering vervreem, en hulle het die Adviserende Raadstelsel geboikot deur te weier om aan verkiesings deel te neem⁶⁶ of om as benoemde lede in die Raad te dien.⁶⁷ Daarteenoor het die Minderheidsparty hulle wel die verkiesing en aanwysing van lede laat welgeval en het hulle as gevolg van die boikotaksie van die Meerderheidsparty die Raad totaal oorheers.⁶⁸ Die Minderheidsparty was egter nie in alle opsigte gediend met die nuwe grondwetlike bedeling nie en het beswaar gemaak teen die Raad se beperkte jurisdiksie.⁶⁹ Verkiesings vir lede van die Baster Adviserende Raad in 1928 is gevolglik gekenmerk deur lae stempersentasies.⁷⁰ Die boikotaksie van die ontevredenes was inderdaad só geslaagd dat die Administrasie die konstituering van die eerste Adviserende Raad in dié jaar voorlopig op die lange baan moes skuif.⁷¹

Ten spyte van die beslissing van die Volkebond dat die Basters se griewe ten volle ondersoek is, het die Meerderheidsparty tussen 1928 en 1930 voortgegaan om petisie op

64. NAW SWAA A394/7 League of Nations. Permanent Mandate Commission reports (Vol. 2), Fourteenth session of the Commission (Geneva, October 26th to November 13th, 1928), 13.11.1928, p. 10 [C.579.1928.VI].
65. LNA, 1928-1932, 6A/443/2180, Letter V. Catastini - N. de (sic) Wyk, 25.3.1929.
66. *Offisiële Koerant van Suidwes-Afrika*, 1.5.1928, p. 4875; NAW SWAA 2/1/2 Unregistered correspondence and papers, Advisory council, Minutes of meetings, 1928-1929, Advisory council meeting, Thursday, 12th April, 1928, p. 3.
67. NAW SWAA 1/1/4:CC43 Confidential correspondence, Letter Magistrate - Secretary for South West Africa, 16.2.1928.
68. Kyk G.J.J. Oosthuizen, *Die Rehoboth-Basters*, p. 267 en verder.
69. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 10), Brief Albert Mouton - Magistraat, 7.6.1929; Memorandum [Minderheidsparty] - Administrateur, 5.7.1929, p. 1; Memorandum A. Mouton *et al.* - Administrateur, 18.10.1929.
70. Kyk byvoorbeeld NAW SWAA A206/48 Rehoboth Baster Gebiet, Advisory council, Elections (Vol. 1), Letter Magistrate - Secretary for South West Africa, 30.5.1928; Brief Waarnemende Sekretaris vir Suidwes-Afrika - Sekretaris van die Eerste Minister, 18.10.1928, p. 1; Vergadering gehou in die Magistraats Kantoor (sic) te Rehoboth om 10 uur v.m. op 21 November, 1931 (Bylaag tot Brief Magistraat - Sekretaris vir Suidwes-Afrika, 26.11.1931); *The Windhoek Advertiser*, 6.7.1929. NAW SWAA A206/48 Rehoboth Baster Gebiet, Advisory council, Elections (Vol. 1), Letter Secretary for South West Africa - Magistrate, 25.7.1928.

petisie aan die Volkebond te stuur.⁷² Ook by die Volkebond het die ontevredenes hulle egter in hierdie tyd telkens teen 'n muur vasgeloop⁷³, en is hulle versoek om onderlinge geskille op te los en as 'n verenigde gemeenskap met die Administrasie saam te werk.⁷⁴

Dié advies van die Volkebond het uiteindelik die gewenste uitwerking gehad, want in April 1932 het die twee opponerende partye gesamentlik vergader en besluit om onderlinge vrede te bewerkstellig, 'n gesamentlike verkiesing kragtens die Bastergrondwet te hou en daarna met die Administrasie te onderhandel oor die 1923-ooreenkoms.⁷⁵

Die Administrateur wou egter nie in daardie stadium 'n verkiesing kragtens die Bastergrondwet toelaat nie en het aangevoer dat hy eers wou seker maak of die versoening in Bastergeledere wel blywend van aard was. Hy het gevolglik voorgestel dat die konstitusionele posisie vir 'n proeftydperk van een jaar gehandhaaf moet word, waarna grondwetlike onderhandelinge voortgesit kon word.⁷⁶ Die Meerderheidsparty het hierdie voorstel verwerp, daarop aangedring om 'n verkiesing kragtens die Bastergrondwet te hou en verklaar dat hulle hul onder beskerming van die Volkebond plaas.⁷⁷ Die Meerderheidsparty was, ten spyte van die versekering van Werth van die teendeel, bevrees dat as hulle aan 'n verkiesing kragtens Proklamasie 9 van 1928 deelneem, hulle aan die 1923-ooreenkoms gebind sou wees. Hulle wou dus ná 'n verkiesing kragtens die Bastergrondwet sonder enige moontlike beperkinge onderhandel oor die grondwetlike toekoms van die Rehoboth-Gebiet.⁷⁸

Kyk byvoorbeeld NAW Mem. 4/24, J.D. Viall, *The history of the Rehoboth Basters*, p. 49; LNA, 1928-1932, 6A/443/2180, Note F. Friis - V. Catastini, 6.12.1929; Telegram N. van Wyk - *Nations Geneva*, 3.4.1929; Telegram N. van Wyk - *Nations Geneva*, 11.4.1929; Radiogram N. van Wyk - *League of Nations*, 8.5.1929; Summary of letter dated October 25th, 1929, to the Secretariat of the League of Nations from M. Jacobus Beukes, Rehoboth Post Office, Box 9, South-West Africa; League of Nations, Permanent Mandates Commission, South West Africa. Petition, dated February 11th, 1930, from Mr. Jacobus Beukes, Rehoboth, and observations thereon, dated March 28th, 1930 from the Government of the Union of South Africa, 30.4.1930 (C.P.M. 1004).

LNA, 1928-1932, 6A/443/2180, Letter F. Friis - N. de (sic) Wyk, 4.4.1929; Telegram V. Catastini - N. van Wyk, 11.4.1929.

74. LNA, 1928-1932, 6A/443/2180, Letter V. Catastini - D. Beukes, 3.10.1930; Letter V. Catastini - Mr. van Wyk and other members of the Rehoboth Community, 19.2.1932; *The Windhoek Advertiser*, 3.1.1931.
75. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 10), Notule vergaderen van beide partyen van die Rehobothers gehouen die 18 April 1932; Brief Sekretaris vir Suidwes-Afrika - Sekretaris van die Eerste Minister, 22.4.1932; Memorandum for League of Nations in reply to petition dated 17th June, 1932, purporting to be signed by T. (sic) Beukes and eleven other burghers of the Rehoboth community, n.d., p. 1.
76. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 10), Notule van 'n onderhoud wat 'n deputasie bestaande uit afgevaardigde lede van die Rehoboth gemeente op Vrydag 6 Mei 1932 met Sy Edele die Administrateur en die Adviesraad gehad het, pp. 4-5; Memorandum Sekretaris vir Suidwes-Afrika - Albert Mouton *et al.*, 6.5.1932.
77. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 10), Brief N. van Wyk *et al.* - *Magistraate* (sic), 5.6.1932 (Bylaag tot Brief Magistraat - Sekretaris vir Suidwes-Afrika, 14.6.1932).
78. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 10), Brief Magistraat - Sekretaris vir Suidwes-Afrika, 14.6.1932, p. 1.

Daarteenoor het die Minderheidsparty, hoofsaaklik gemotiveer deur die groot armoede en ellende⁷⁹ veroorsaak deur 'n ernstige droogte en gepaardgaande wêrelddepressie⁸⁰, die voorstel aanvaar.⁸¹

Teen Augustus 1932 het sake egter 'n dramatiese wending geneem toe kaptein Nicolaas van Wyk van die Meerderheidsparty en 123 van sy volgelinge besluit het om hulle by die Minderheidsparty aan te sluit en met die Administrasie saam te werk.⁸² Van Wyk het besef dat verdere verhoë tot die Volkebond geen hoop op enige sukses gehad het nie. Bowendien het die ekonomiese depressie en die opvatting dat al die ellende toegeskryf kon word aan die weiering om die Adviserende Raadstelsel te aanvaar, beslis 'n belangrike rol in dié samewerkingsbesluit gespeel. Met verloop van tyd is die voorbeeld van Van Wyk deur nog lede van die Meerderheidsparty gevolg, sodat die steun van die Meerderheidsparty sodanig gekrimp het dat die Minderheidsparty verreweg die meerderheidsteun van die Bastergemeenskap geniet het.⁸³

Kort na die verstryking van die jaar lange proeftydperk van die Baster Adviserende Raad het die Basters die Administrateur versoek om die Basterkaptein en -raadstelsel weer in te stel.⁸⁴ Die Administrateur het die versoek egter geweier en aangevoer dat die Basters nie voldoende ontwikkel was of oor genoegsame administratiewe bevoegdheid beskik het om op 'n verantwoordelike wyse plaaslike selfbestuur te hanteer nie. Al toegewing wat die Administrateur bereid was om te maak, was om toe te laat dat al ses lede van die Baster Adviserende Raad voortaan verkies kon word.⁸⁵

'n Klein groepie ontevrede Basters, bekend as die sogenaamde "beswaarde burgers", het egter bly hoop dat die Volkebond uiteindelik tóg sou ingryp om hul grondwetlike status

-
79. NAW SWAA A206/43 Rehoboth Baster Gebiet, Advisory council minutes, Vergadering van lede van Rehoboth gemeente gehou te Magistraatskantoor te Rehoboth op 10de April 1930, beleg deur die Magistraat om die teenwoordige toestand van die inwoners van die Gebiet te bespreek en ook welke stappe deur die lede beskou word moet geneem word om die inwoners tot hulp te kom; Brief H. Klazen *et al.* - Magistraat en Adviserende Raad, 24.4.1930; NAW SWAA A206/43 Rehoboth Baster Gebiet, Advisory Council minutes, Adviserende Raad van die Rehoboth gemeente, Vergadering gehou te Rehoboth te Magistraatskantoor op Vrydag, die 20ste Junie, 1930, p. 3; Vergadering gehou te Magistraatskantoor te Rehoboth op Vrydag, die 24ste Oktober, 1930, pp. 3-5.
80. P.W. Möller, *Aspekte van die Blanke problematiek in Suidwes-Afrika, 1920-1950* (D. Phil., U.P., 1989), pp. 21-22, 69.
NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 10), Brief H. Klazen *et al.* - Voorsitter en Adviserende Raad, 6.6.1932 (Bylaag tot Brief Magistraat - Sekretaris vir Suidwes-Afrika, 14.6.1932).
82. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 10), Brief N. van Wyk *et al.* - Magistrate, 15.8.1932 (Bylaag tot Brief Magistraat - Sekretaris vir Suidwes-Afrika, 23.8.1932); LNA, 1928-1932, 6A/443/2180, League of Nations, Permanent Mandates Commission, South West Africa, Letter dated October 6th, 1932, from the Government of the Union of South Africa (I), transmitting a petition, dated June 17th, 1932, from T. (sic) Beukes and 11 other burghers of [R]ehoboth (II), together with a memorandum drawn up by the Administrator of South [West] Africa (III), 3.11.1932 (C.P.M. 1316), pp. 7-8.
83. Kyk G.J.J. Oosthuizen, *Die Rehoboth-Basters*, p. 293 en verder.
84. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 11), Memorandum C. Klazen *et al.* - Magistraat, 16.6.1934; Memorandum D. Beukes *et al.* - Administrateur, 21.10.1934 (Bylaag tot Brief Magistraat - Sekretaris vir Suidwes-Afrika, 24.10.1934).
85. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 11), Brief Sekretaris vir Suidwes-Afrika - Magistraat, 10.11.1934, pp. 4-5; U.G. 26-1935, *Rapport aangebied deur die Regering van die Unie van Suid-Afrika aan die Raad van die Volkebond omtrent die administrasie van Suidwes-Afrika vir die jaar 1934*, p. 80.

te herstel. Dié ontevredenes, met Jacobus Beukes aan die spits, het hulle verskeie keer onsuksesvol op die Volkebond beroep. Gevolglik het die ontevredenes hulle sedert Junie 1935 nie weer tot die Volkebond gewend nie.

Die Bastergemeenskap was nie tevrede met die beperkte bevoegdhede van die Baster Adviserende Raad nie en het steeds bly hunker na die tyd toe hulle 'n eie kaptein en Raad gehad het. Hulle het hul beroep op die beloftes van Administrateur Hofmeyr en Eerste Minister Hertzog, naamlik dat die opskorting van die 1923-ooreenkoms slegs tydelik van aard was en dat, sodra daar weer eensgesindheid geheers het, ernstige oorweging geskenk sou word aan die herstel van hul regte.⁸⁶

Die Basters se volgehoue pleidooie is uiteindelik beloon met die aanwys van die Geard-Allen-kommissie wat in Julie 1939 'n verslag aan die Administrasie voorgelê het. Dié tweemankommissie het met betrekking tot die kapteinskap en Bastermagistraat bevind dat nie 'n enkele Baster bevoeg was om die poste met waardigheid te beklee nie. Ook wat die instelling van 'n Basterraad betref, wat oor wetgewende en uitvoerende magte beskik, het die kommissie bevind dat die Basters nie oor die nodige bekwaamheid en onpartydigheid beskik het om die pligte van so 'n raad doeltreffend uit te voer nie.⁸⁷

Die Suid-Afrikaanse regering het dié aanbevelings van die kommissie aanvaar, en die Bastergemeenskap is derhalwe meegedeel dat daar in daardie stadium geen verandering in hulle grondwetlike status sou wees nie.⁸⁸

7. Ten slotte

Baster-Suid-Afrikaanse betrekkinge in die tydperk 1915 tot 1939 het hoofsaaklik gewentel om agitatie vir selfbestuur en is oorheersend gekenmerk deur die talryke pleidooie van die ontevredenes aan die Goewerneur-generaal en die Volkebond. Hierdie verhoudinge het met verloop van tyd amper ontaard in 'n doellose oor-en-weer-praterij en -skrywery, met die Basters wat dan hierdie kant toe, dan daardie kant toe uitkoms probeer kry het, maar hulle telkens teen 'n muur van verzet teen hulle vryheidsplanne vasgeloop het. Benewens die feit dat die Suid-Afrikaanse regering die Basters as onbevoeg beskou het, was die Regering gebind aan die mandaat, en boonop kon die ander inheemse groepe dalk ook op dieselfde voorregte aanspraak maak.

Die Tweede Wêreldoorlog en alles wat daarmee gepaard gegaan het, het egter die hele aangeleentheid op die agtergrond geskuif en dit is eers ná die magsoorname van die Nasionale Party in Suid-Afrika (1948) dat die Basters se pleidooie 'n simpatieker oor as vroeër geniet het — 'n klemverskuiwing wat uiteindelik in 1976 uitgeloop het op die erkenning van hul regte met die **Rehoboth Self-Government Act (56/1976)**. Die uitvoerende gesag in die Rehoboth-Gebiet het daarvolgens in die Kapteinsraad, bestaande uit die Basterkaptein en twee raadgewers deur hom aangewys, gesetel. Die kaptein is vir 'n termyn van vyf jaar verkies, en die wetgewende gesag is beklee deur 'n Volksraad (Basterraad), bestaande uit ses lede wat

86. Kyk G.J.J. Oosthuizen, *Die Rehoboth-Basters*, p. 304 en verder.

87. NAW SWAA A206/3 Bastard Gebiet Rehoboth, Rehoboth matters (Vol. 12), Verslag van die kommissie wat benoem is om ondersoek in te stel na die vraag van self-bestuur in die Rehoboth Baster Gebiet, g.d.

88. U.G. 30-1940, *Verslag voorgelê deur die Regering van die Unie van Suid-Afrika aan die Raad van die Volkebond oor die administrasie van Suidwes-Afrika vir die jaar 1939*, p. 186.

jaarliks verkies is.⁸⁹ Die Basters het dus na meer as vyftig jaar weer oor selfbestuur kragens die Bastergrondwet beskik.

Met die onafhanklikwording van Namibië op 21 Maart 1990 het 'n nuwe fase in die onafhanklikheidsstryd van die Rehoboth-Basters aangebreek. Die Swapo-oorheerste Namibiese regering met president Sam Nujoma aan die spits het die eertydse fokus op etnisiteit en die sogenaamde tuislande (as praktiese uitvloeisel van die Suid-Afrikaanse apartheidsbeleid) met alle mag bestry. Die Basters se stryd om die vestiging van 'n federale regeringsbestel⁹⁰ in plaas van 'n eenheidsstaat, soos deur Swapo⁹¹ voorgestaan, het op dowe ore geval. Kaptein Hans Diergaardt en sy ondersteuners se dreigemente om die Rehoboth-Gebiet eensydig onafhanklik te verklaar⁹², beroepe op die Verenigde Nasies⁹³ en hofsake teen die Namibiese regering om die herstel van selfbestuursbevoegdhede en eiendomsregte⁹⁴ het tot dusver geen vrugte afgewerp nie. Selfs 'n Basterreferendum kort na die verkiesing waaraan 85 persent van die stemgeregtigde inwoners van die Rehoboth-Gebiet deelgeneem het en 84,1 persent ten gunste van die behoud van hulle onvervreembare eiendomsreg gestem het⁹⁵, kon nie die Namibiese regering simpatiek teenoor die Basters stem nie. Trouens, Diergaardt is deur die Namibiese regering gedwing om die ampswoning te Rehoboth te ontruim,⁹⁶ en staatspresident Nujoma weier steeds om Diergaardt as kaptein van die Basters te erken, omdat hy nie bereid is om Namibië weer in etniese streke te verdeel nie.⁹⁷

Die "bittereinders" onder leiding van Diergaardt is egter, ondanks hardnekkige teenkanting van die Namibiese regering, nie van plan om bes te gee nie en sal met alle vreesame middele tot hulle beskikking die stryd om selfbeskikking en eiendomsreg voortsit.⁹⁸

Soos in die inleiding aangetoon, is die stryd van die Rehoboth-Basters as minderheidsgroep in Namibië om selfbeskikking egter nie geïsoleerd nie en geskied dit te midde van opwellende nasionalisme in ander wêrelddele. In eie reg is die Basterstrewes dus aktueel, maar ook as spieëlbeeld van die aspirasies van ander minderheidsgroepe elders is dit die aandag werd, ook in die naburige Republiek van Suid-Afrika. Die slothoofstuk van die aangrypende sake van die vryheidstrewes van 'n klein en byna vergete volk is nog lank nie geskryf nie, want dié aksie self is bepaald nie afgeloop nie. Daarvoor leef die hoop en verwagting ten opsigte van selfbeskikking te sterk by die Rehoboth-Basters, is die gevoel van eie identiteit te lewenskragtig, vir almal wat daarby belang het.

-
89. A. du Pisani, *SWA-Namibia. The politics of continuity and change* (Jonathan Ball, Johannesburg, 1985), pp. 248, 360.
90. *The Daily News*, 1.5.1989.
91. *Die Republikein*, 14.9.1992.
92. *The Star*, 11.3.1989; *S.A. Observer*, 30.4.1989; *Patriot*, 23.3.1990.
93. *Rapport*, 23.4.1989; *Die Republikein*, 10.9.1991.
94. *Die Suidwester*, 2.11.1990; *Die Republikein*, 28.1.1992; *Die Republikein*, 22.4.1992; *Finansies en Tegniek*, 19.11.1993.
95. *Patriot*, 6.7.1990.
96. *Die Suidwester*, 5.10.1990.
97. *Die Republikein*, 27.2.1992.
98. Telefoniese onderhoud, Gerhard Oosthuizen - Hans Diergaardt, 24.3.1995.